RIGLYNE VAN PLIGTE VIR GRAAD- & KLASVERTEENWOORDIGERS

LAERSKOOL BAKENKOP

Om ouers volle vennote en mede-verantwoordelik te maak by Laerskool Bakenkop is dit van groot waarde om goeie kommunikasiestrukture daar te stel. Die doeltreffendste ouersamewerking met die skool behoort op klasvlak plaas te vind. Binne hierdie meer informele groep is daar kundige ouers van verskillende professies wat waardevolle bydraes kan lewer.
Daarom word daar Graad- en Klasverteenwoordigers aangestel.
Die Graadverteenwoordigers word aangestel uit elke graad vir die tydperk van een jaar. Die Graadverteenwoordiger dien as skakel tussen die graad, waarin sy eie kind is, sy klasverteenwoordigers, onderwysers en bemarker. Die klasverteenwoordigers word per klas aangewys en indien moontlik 2 of meer per klas aangesien dit die taak vergemaklik.

Die Klasverteenwoordiger koördineer alle sake betreffende die klas.

- Die doel van die klasverteenwoordiger is om ouerbetrokkenheid te bevorder. Indien u skakelwerk moet doen en nie van u eie telefoon gebruik wil maak nie, is u meer as welkom om by die skool te skakel.
- Dit is die klasverteenwoordiger se plig om met die klasonderwyser te skakel wanneer daar reëlings getref moet word.
- Die onderwysers is beskikbaar om te help met reëlings en veral met kommunikasie deur bv. ‘n briefie uit te deel, bestanddele aan te vra en te versamel ens, maar die inisiatief moet van die ouers af kom.

Klasverteenwoordigers hoef nie al die werk self te doen nie, maar dien as skakel tussen die Graadverteenwoordiger en sy klas se ouers.

Die Klasverteenwoordiger gee die ouers se idees, voorstelle en menings deur na die Graadverteenwoordiger, onderwysers en/of die skakelbeampte.

Die Graadverteenwoordiger (en soms die klasverteenwoordiger) woon van tyd tot tyd vergaderings by saam met die Beheerliggaam en/of die skakelbeampte en gee dan die inligting deur aan die klasverteenwoordigers (indien nodig) om dit dan weer aan die ouers oor te dra.

Riglyne vir aktiwiteite van die Graad- en Klasverteenwoordigers:

1. Kommunikasie:
    a. Met die betrokke graad se ouers
    b. Met die bemarker
    c. Met die onderwysers van die graad

2. Hulp met
    a. Spesifieke aktiwiteite binne die graad
    b. Kultuur aktiwiteite
    c. Sport byeenkomste
    d. Interne skoolaangeleenthede

3. Gesellighede:
    a. Reël
    b. Moontlike Klas jaarafsluiting

4. Reëlings van fondsinsameling en /of insameling van klasfonds.